
DIÉ TWEE ANTIES SE KOSPOTTE IS SO RUIM SOOS HUL
HARTE EN NOU HET HULLE SAAM 'N KOOKBOEK UITGEDEE.

Die kospotte van Bonteheuwel



Hierdie ding wat met hulle gebeur, is groot en onverwags. Hulle kan nie glo dat soveel radiostasies en tydskrifte met hulle wil praat nie.

Só babbel tannie Flori Schrikker wanneer 'n mens haar bel om 'n tyd vas te maak vir die onderhoud met haar en antie Koelsoem Kamalie op 'n Sondagmiddag by Flori se huis in Bonteheuwel.

“Ons is Maandagoggend op die radiostasie en dan weer die middag op 'n ander stasie. Dan is daar nog ander mense wat met ons wil praat.”

Die twee is al die laaste paar maande pal in die koerante, tydskrifte en oor radio nadat hul kookboek, *Kook saam Kaaps*, op die rak beland het.

Nou's hulle famous!

Antie Koelsoem sal eers 'n uur later by ons aansluit. Daar is egter geen ongemak in die wagtyd by tannie Flori nie. Sy het onblusbare geesdrif en gesels oor haar vier kinders, haar grootwordjare, haar liefde vir haar ouma en oupa en haar liefde vir die gemeenskap van Bonteheuwel. En natuurlik oor haar kookboek.

“Ek was nou die dag in die *mall*, toe vra 'n meisie my: ‘Maar is jy nie tannie Flori, wat nou die dag in *Rapport* was nie?’ Ek dink nie ek en antie Koelie het al mooi verwerk wat met ons gebeur nie.

“Hierdie is die enigste kookboek in die land deur 'n Moslemvrou en 'n Christenvrou,” vertel tannie Flori.

“Ons het ook albei suikersiekte en is oor 60.”

Op 63 is tannie Flori net vyf jaar jonger as antie Koelsoem. Maar sy verwys na haar en spreek haar aan as “antie Koelie”.

“Ek kan net nie anders nie. Antie Koelie was vir jare my ma se vriendin. Ek en sy het groot vriende geword toe ek ook by die Bonteheuwel Diabetic Club aangesluit het.”

Inbelresepte

Die Kamalies en die Schrikkers het weens die gedwonge uitsettings in Bonteheuwel beland. Tannie Flori se familie het aanvanklik in Brooklyn, “tussen die witmense”, gewoon voordat hulle in 1962 verskuif is en antie Koelsoem se mense is in 1979 uit Claremont verskuif.

“My *baby*-seun was toe net vier jaar oud,” onthou antie Koelsoem.

“Ek onthou hoe my ouma en oupa gehuil het toe ons kennis kry ons moet trek,” sê tannie Flori.

Maar die twee wil nie te veel in die verlede leef nie. “Wat gebeur het, is verby,” stem hulle saam. En hulle voel tuis in Bonteheuwel.

“Ek is baie lief vir Bonteheuwel,” benadruk tannie Flori. “Hier het al soveel goeie dinge hier gebeur.”

Tannie Flori se liefde vir kosmaak kom van haar ouma en oumagrootjie. “Daar was altyd potte vol vrugte aan die kook in my ouma se huis. Om ingelê te word. My



FLORI SCHRIKKER (REGS) HOU 'N WAKENDE OOG OOR KOELSOM KAMALIE VOOR DIE KOSPOTTE.

oupa het grootmaatvleis by die slagpale gaan koop en dan maak my ouma pens-en-pootjies, wat selfs iemand wat nie hou van afval nie, nie sal kan weerstaan nie.”

Die twee se pad na kookroem het begin toe antie Koelsoem se seun 'n paar jaar gelede die RSG-aanbieder Amoré Bekker van *Tjailatyd* gebel het om te vertel van sy ma wat so lekker kan kook. Amoré het antie Koelsoem gebel en sy het 'n gereelde bydraer van resepte geword.

“Toe Amoré een jaar vra vir 'n viskerrieresep en byvoeg dat ek ook oor Paasfees moet gesels, het ek gesê ek kan dit nie doen nie; ek is 'n Moslem. Ek het voorgestel sy praat eerder met Flori, 'n Christen wat wel oor Paasfees kan praat,” vertel antie Koelsoem.

En só het ook tannie Flori 'n bekende stem in *Tjailatyd* geword. Japie Gouws, besturende direkteur van die ATKV, het die twee vroue oor die radio gehoor en opdrag gegee hul resepte moet in 'n boek verewig word. Dié boek is deur LAPA Uitgewers, deel van die ATKV-stal, uitgegee.

“Ek het die naweek voordat die mense van LAPA Uitgewers hier aangekom het, omtrent 30 disse

voorberei. Ek was amper dood,” vertel tannie Flori. “Uiteindelik is 19 resepte vir die boek gekies. Baie van my ouma en oumagrootjie se breekware is met die fotosessie gebruik.

“Tanya du Toit, die uitgewer, was dadelik soos 'n kind in die huis. Sy het gekyk wat is in die yskas, in die kaste... Ek het nog probeer keer wanneer sy van die breekgoed wou gebruik, want ek het gedink dit is *ge-chip* of te lelik, maar dan gebruik sy dit vir die foto's.”

Ek, jy en Hy

Kom godsdienste nie in die pad van die twee vriendinne nie?

“Nee, ons respekteer mekaar,” sê Koelsoem. “Ons het nog ons lewe lank só grootgeword – Christene en Moslems só saam.”

Op 68 loop Koelsoem met 'n kiere ná 'n val en 'n ernstige heupbesering. Maar dit verhinder haar nie om die wêreld plat te reis nie. Toe sy 'n paar jaar gelede afgetree het, het sy haar pensioengeld gevat en vir 'n





maand in Engeland gaan woon.

“Ek het hard gewerk. Ek het gevoel ek verdien dit om vir ’n maand oorsee te gaan. Ek hou daarvan om in hotelle te bly.”

Sy was ook al in Israel, Kuala Lumpur (Maleisië), Egipte en Turkye – alles deel van meer uitgebreide pelgrimstogte na Mekka.

Hulle is albei sterk gelowig. “My heup was vir lank baie seer,” vertel antie Koelie, “maar in 2007 het ’n sjeg uit Senegal in Wes-Afrika vir my ’n gebed gestuur. Die pyn was daarna weg. Ek glo in die mag van gebed. Die dokter wil egter nie hê ek moet sonder ’n stok loop nie.”

Tannie Flori sê wat hulle nou ervaar, is net danksy die Here. “Ek sou niks kon doen sonder sy hulp nie.”

Die lewe het hulle al op verskeie paadjies geneem. Tannie Flori het voorheen by die United-bougenootskap en later by Absa gewerk, terwyl antie Koelie onder meer ’n huishulp was voordat sy met gestremde kinders begin werk het.

Tannie Flori se linkerbeen is jare gelede net onder die knie geamputeer nadat sy vir weke rondgelopen het met ’n skoen waardeur ’n duimspyker gesteeek het.

“Die diabetes maak mos dat ek nie gevoel in my voete het nie. Ek het eendag vir my man gesê hy moet bietjie kyk wat gaan aan met my voet, want ek het skielik pyn gehad. Hy het gesê my voet is pers. Uiteindelik moes my been afgesit word.”

En so ’n paar maande gelede het sy haar middelvinger op die stoof gebrand. Eers toe sy die groot blaas sien, het sy besef sy het seergekry. Die vinger is by die tweede lit afgesit.

“Maar ek laat my nie onderkry nie,” sê sy en haar oë vonkel ondeund. “Weet jy, ek het ’n *scooter* (vir bejaardes) waarmee ek besoek gaan aflê by ander diabetese. Ek gee vir hulle raad en help hulle. Dis alles deel van my betrokkenheid by die diabetiese vereniging. Maar ek mag nie met die *scooter*-tjie in die strate ry nie. Ek hou maar op die sypaadjies.”

Flori en Koelie glo ook in die helende krag van kos. In die winter maak tannie Flori gereeld ’n groot pot sop. Sy staan voor haar huis en skep bordevol vir kinders van die omgewing.

Antie Koelie, haar man en seun deel elke laaste Sondag van die maand kos uit aan dié wat minder het.

“’n Mens moet betrokke wees by die gemeenskap,” glo antie Koelie. “Soms vra mense my vir die skraapsels kos wat in die pot agterbly. Maar ek kan nie so min vir iemand gee nie. Dan sê ek hulle kan dit kry, maar dan moet hulle self skep. Ek weet mense sal nie in ’n ry kom staan vir kos as hulle nie honger is nie.

“Wanneer die potte leeg is, voel ek lekker, want ek weet ek maak God se kos.” ♡

DEUR STEPHANIE NIEUWOUT
FOTO’S: SAMANTHA REINDERS

WEN! Ons gee 3 kopieë van *Kook saam Kaaps* weg.
SMS TG + KAAPS na 44131

